Die evangelie volgens

# MARKUS




Fees van die
LEWE
Markus 6:30-44

14 Koning Herodes het van Jesus gehoor,
want sy Naam het bekend geraak. Party
mense het gesê: “Johannes die Doper is uit
die dood opgewek. Daarom werk die kragte
in hom.”
15 En party het gesê: “Dit is Elia.”
Ander het gesê: “Hy is 'n profeet soos een
van die ou profete.”

MARKUS 6:14-15


GOD
loop op water
Markus 6:45-52

45Net daarna het Jesus sy dissipels aangesê
om in die skuit te klim en solank vooruit te
gaan na die oorkant, na Betsaida toe, terwyl
Hy nog eers die mense huis toe stuur. 46Nadat
Hy hulle laat gaan het, het Hy die berg op
gegaan om te bid.

MARKUS 6:45-52

26 Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."

GENESIS 1:26

47 Toe dit aand word, was die skuit al ver weg
die see in en Jesus alleen op die strand.
48 Hy het gesien hulle roei swaar, want die
wind was teen hulle. Teen dagbreek die
volgende môre het Hy op die see na hulle toe
aangeloop gekom, en Hy wou langs hulle
verbygaan.

MARKUS 6:45-52

6 Toe het God gesê: “Laat daar 'n gewelf
wees tussen die waters om die waters van
mekaar te skei.” 7 So het dit gebeur.
God het die gewelf gemaak en die waters
onder die gewelf geskei van die waters bo
die gewelf. 8 God het die gewelf “hemel”
genoem. Dit het aand geword en dit het
môre geword. Dit was die tweede dag.

GENESIS 1:6-10

9 Toe het God gesê: “Laat die waters onder
die hemel op een plek bymekaarkom sodat
die droë grond sigbaar word.”
So het dit gebeur.
10 God het die droë grond “aarde” genoem,
en die waters wat bymekaargekom het, het
Hy “see” genoem. En God het gesien dit is
goed.

GENESIS 1:6-10

47 Toe dit aand word, was die skuit al ver weg
die see in en Jesus alleen op die strand.
48 Hy het gesien hulle roei swaar, want die
wind was teen hulle. Teen dagbreek die
volgende môre het Hy op die see na hulle toe
aangeloop gekom, en Hy wou langs hulle
verbygaan.

MARKUS 6:45-52

49 Toe hulle Hom op die see sien loop, het hulle
gedink dit is 'n spook. Hulle het hard geskreeu,
50 want hulle het Hom almal gesien en groot
geskrik. Maar Hy het dadelik met hulle
gepraat en vir hulle gesê: "Wees gerus, dit is
Ek. Moenie bang wees nie."

MARKUS 6:45-52


14Toe sê God vir Moses: "Ek
is wat Ek is. Jy moet vir die
Israeliete sê: 'Ek is' het my
na julle toe gestuur."
EKSODUS 3:14

51 Hy het toe by hulle in die skuit geklim, en die
wind het gaan lê. Hulle was heeltemal uit die
veld geslaan, 52 want hulle het nie werklik
verstaan wat die vermeerdering van die
brood beteken nie; hulle kon dit nog nie
begryp nie.

MARKUS 6:45-52


GOD
loop op water
Markus 6:45-52